NUUS VANUIT DIE ALGEMENE SINODE

Gelukwense aan matrieks en gemeentes word uitgenooi om 10 Februarie as Biddag vir die onderwys in te ruim: Die NG Kerk wil graag die matrieks van 2018 hartlik gelukwens met hulle sukses. Baie kinders en skole het ongelooflik presteer - in baie gevalle onder moeilike omstandighede. Gelukwensing moet ook gaan aan ouers vir hulle ondersteuning en die onvermoeide bydra van toegeweide onderwysers. Die nasionale minister van basiese onderwys het bekend gemaak dat die 2018-slaagsyfer 78,2% was. Dit is 3,1% verbetering op 2017 se 75,1%. Buiten vir 'n effe hoër algemene slaagpersentasie, vergelyk die syfers dieselfde as die van vorige jare.

Soos in die verlede word die integriteit van die slaagsyfer, deur kundiges en politici, in twyfel getrek. Die hoë uitvalsyfer lok weereens negatiewe kommentaar uit. In 2007, toe hierdie kinders die eerste keer skool toe is, was daar 1 141 191 leerders in graad 1. Net 512 735, sowat 45%, het geskryf en net 400 761 het geslaag. Dus is die "werklike" slaagsyfer sowat 35%. Die belangrike feit is dat daar nie navorsing gedoen word rondom die leerders wat uitgeval het nie. Gesien in die lig van die hoë uitvalsyfer die afgelope jare, het letterlik honderdeduisende kinders uitgeval uit die stelsel. Die leerders sit waarskynlik sonder enige kwalifikasie en kundigheid hoegenaamd. Dit dra by tot onrusbarende vlakke van werkloosheid en armoede - ***iets wat die kerke ernstig behoort te bekommer en ernstig behoort aan te spoor om volskaals op een of ander manier by onderwys in hulle gemeenskappe betrokke te raak.*** Suid-Afrika se werkloosheidsyfer is tans rondom 30%. Die kommerwekkende onderwyssituasie is een van die faktore wat die werkloosheid onder die jeug (ouderdomme 15 tot 34) op 38,2% te staan bring, aldus syfers van Statistieke Suid-Afrika. 'n Goeie slaagsyfer bring nie veel hoop dat dit ingrypende veranderings aan uitdagende tendense gaan maak nie. 'n Goeie slaagsyfer in matriek is ook geen waarborg vir goeie prestasie op tersiêre onderwysvlak nie.

Wat is die oorsake van die hoë uitvalkoers? In die stelsel self is dit aspekte soos skole met onvoldoende geriewe, die negatiewe invloed van vakbonde op die bestuur van skole en daarmee saam onderwysers wat swak opgelei is, of nie vir hul spesifieke poste geskik is nie. Verdere bydraende faktore is maatskaplike uitdagings in die breër samelewing, soos tienerswangerskappe, soms meegebring deur onderwysers wat seksuele verhoudings met leerders aanknoop, dwelmmisbruik, ouerlose huishoudings, waar die oudste kind moet omsien na die jongstes nadat die ouers gesterf het en armoede.

Vir die NG Kerk is onderwys 'n belangrike saak. Die kerk beywer hom daarvoor om deurentyd in voeling te wees met onderwyssake en lewer soos nodig kommentaar op voorgestelde wetgewing wat van belang is. Die ***kerk fokus ook op Vroeë Kindontwikkeling (VKO)***, as deel van sy missionale diakonaat, om 'n verskil te maak aan die eerste duisend dae van 'n kind se ontwikkeling. Vroeë Kindontwikkeling, het navorsing gewys, lei tot groter gelykheid tussen mense, beter onderwys- en gesondheiduitkomste, 'n sterker ekonomie en 'n beter samelewing met minder misdaad, openbare geweld en meer sosiale samehorigheid.

Die gemeentes van die NG Kerk word genooi om op 10 Februarie soos gebruiklik voorbidding te doen vir die onderwys en opvoeding. 'n Beroep word op gemeentes gedoen om op die dag uit te reik na opvoedkundige instansies en hulle personeel. Talle gemeentes het die gebruik om op 'n besondere wyse aandag te gee aan onderwysers en dosente in hulle gemeentes. Dit is 'n besondere geleentheid om die fokus op die belangrikheid van die onderwys te laat val. ***Miskien kan ons dit hierdie jaar 'n***

stappie verder neem, as 'n gemeente nog nie, deur betrokke te raak by 'n VKO projek vir die gemeenskap.

Biddag vir Jeug en Onderwys:

- Bid dat die regering, die minister van Onderwys en die provinsiale onderwysstrukture sal fokus om kwaliteit onderrig daar te stel en relevante oplossings vir huidige uitdagings sal vind.
- Bid dat daar regverdige en gelyke onderwys vir elke kind en student in elke gemeenskap sal wees en dat ons kreatiewe oplossings sal vind vir waar daar steeds groot agterstand en ongelykheid is.
- Bid vir die hele plaaslike gemeenskap se skole, asook vir die beheerliggaamme en skoolhoofde.
- Bid dat meer ouers en lidmate hulself beskikbaar sal stel om hande te vat en diensbaar te wees by skole in- en buite hul gemeentegrense.
- Bid dat onderwysers en dosente met integriteit en met 'n dienende houding sal werk. Sê ook dankie vir uitstekende opvoeders wat hulle roeping bekwaam uitleef.
- Bid vir 'n rustige en veilige omgewing in skole, Tegnikons en Universiteite waar onderwysers en dosente hul roeping kan uitleef en waar kinders en studente hulle op hul studies kan toespits.
- Bid vir die rol wat organisasies soos die SAOU en FEDSAS speel om gehalte onderwys te verseker.
- Bid vir die uitdagings wat kinders in skole beleef, soos boeliegedrag, groepsdruk, bende-aktiwiteite, drank- en dwelm misbruik, tienerswangerskappe, mishandeling en geweld.
- Bid vir kinders wat swaarkry in die skolesisteem hetsy weens depressie, alleenheid, honger, siekte of oueronbetrokkenheid.
- Bid vir leerders met gestremdhede en spesiale leerbehoeftes en dat daar ook aan hulle behoeftes aandag geskenk sal word sodat hulle tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel.
- Bid by name vir maatskaplike dienste of nie-winsgewende organisasies in julle plaaslike gemeenskap.

Seënwense

Dr Gustav Claassen
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church
Posbus 13528 ✉ PO Box 13528
Hatfield, 0028 Hatfield, South Africa, 0028
☎ +27 (12) 342 0092
🖷 +27 (12) 342 0380
+27 82 856 1943
gustavc@ngkerk.org.za
info@ngkerk.org.za